PLATINUM Weekblad/Weekly



# SPORT

# HOPE PRET BY BUFFELSPOORT KARNAVAL




Caroline Grace en Fatman op die verhoog tydens hulle vertoning.



Stoeiers van Honour Wrestling Association (HWA) Azazel en Harliquinn het mekaar aangevat in die stoei arena.



Van links: Carla en Elrie du Plessis baljaar op die glybaan.



Mev Rustenburg Selicia Richter en haar man Bernard.



Bok van Blerk



Snotkop!

**Buffelspoort** – Rustenburg Gemeenskapskerk het op 2 en 3 Maart hul tiende Buffelspoort Karnaval gehou by ATKV Buffelspoort. Gaskunstenaars soos Bok van Blerk, Snotkop, Caroline Grace, Fatman, Jennifer Zamudio, en plaaslike sensasies soos Anchën Groenewald en Duane Louw het die skare vermaak.

Die propvol arenaprogram het die hele familie besig gehou met items soos 'n dansvertoning, modeparade, die Mnr en Mej Karnaval skoonheidskompetisie, skopboks, rofstoei, 'n slangdemonstrasie, boogskietkompetisie, 5, 10, en 21km pretdraf en padwedloop, 'n babakompetisie, pom-poms en 'n poppekas met Miemsie en 'die verdomde leeu'.

Feesgangers het ook toegang gehad tot vele aktiwiteite soos 'n Terrapod ('n 4x4 op 'n wipplank) demonstrasie, 'n pretpark, kunsmark en hope kindervermaak.

Rugbyliefhebbers het Superrugby gekyk terwyl ander die stalletjies platgeloop het. Op Sondag 3 Maart was daar 'n kerkdiens en vertoning deur Willie en Natasha Joubert.

